# Die spektrum en dinamiek van die Gereformeerde teologie

F.N. Lion-Cachet
Departement Ou & Nuwe Testament
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**The spectrum and dynamics of Reformed theology**

*In the critical climate of the scientific world of today, the question is continuously asked whether the study of confessionally oriented theology can be regarded as genuine science. In this article an attempt is made to determine whether the study of theology can be evaluated as science. As reformed theology as practised by the GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika), recognizes the Bible as the authoritative Word of God (in accordance with the confessions of the churches) the question has to be answered whether this proposition can be scientifically justified. Lastly, the dynamics of reformed theology has to be scrutinized.*

## 1. Inleiding

Die wetenskaplikheid van 'n teologie met 'n konfessionele uitgangspunt (byvoorbeeld die binding aan die drie Formuliere van Eenheid – vgl. Deist, 1994:54) soos wat dit ook in die gereformeerde teologie (in die algemene sin van die woord) of die Gereformeerde teologie (soos dit aan die Teologiese Skool Potchefstroom) beoefen word, word soms betwyfel. Dié teologie word dan beskou as "geprivatiseer" of in askese beoefen (vgl. Snyman, 1992a:249) en daar word gesê dat die geldigheid van hierdie soort teologiebeoefening alleen in 'n klein selftevrede geslote kring erken word. Ook word van Gereformeerde teologiebeoefening gesê dat eie kriteria op 'n "ghetto-agtige" wyse geformuleer word vir die beoefening van die teologie en dat toevlug geneem word tot allerlei irrasionele elemente (vgl. Van Huyssteen, 1986: 52, 96-98; Swanepoel & Botha, 1986: 212; Snyman, 1992b:359). Snyman (1992a:251-252) kenmerk die Gerefor-

meerde teologie van die afgelope twintig jaar aan die Teologiese Skool Potchefstroom as Platonies, positivisties en naïef-realisties en stel dat sommige met 'n groter akademiese perspektief na die teologiese wetenskap wil kyk wil as net die beperkte beskouings oor die Bybel as die openbaring van God. Ander navorsers (vgl. byvoorbeeld Vander Stelt, 1989:17-19) wil die teologiese navorsing ook rig op verskillende ander studievelde soos die religie of algemene menslike godsdienstigheid (vgl. Vander Stelt, 1989:17-19). In die verslag van die Departement van Nasionale Opvoeding (NASOP 003 en 116, 1982 en 1986) word die Christelike teologie in sy geheel as 'n besondere dissipline van die godsdienswetenskap nie eers as 'n basiese of konteksmatige basiese wetenskap beskou nie.

Wanneer besin word oor die spektrum en dinamiek van die Gereformeerde teologiebeoefening van die afgelope 125 jaar, is dit gepas om te besin sonder om in 'n apologie te verval. As vertrekpunt kan eerder breedweg en onomwonde gestel word dat die Gereformeerde teologie die wetenskaplike navorsing van die Bybel as die openbaring van God wil onderneem met die doel om die veelvuldige wyshede van God (Ef. 3:10) tot eer van God en tot diens van die mens te beskrywe. Bogenoemde stelling impliseer dat die Gereformeerde teologie wetenskaplik, konfessioneel gebonde (kerklik) en dinamies wil wees.

## 2. Die wetenskaplikheid van die Gereformeerde teologie

Om die vraag te beantwoord of die Gereformeerde teologie wetenskaplik is, is dit nodig om kriteria vir wetenskaplikheid te identifiseer. Die vraag na die aard van wetenskapsbeoefening is in die verskillende vakwetenskappe in die loop van die eeue verskillend beantwoord. 'n Oorsig oor die geskiedenis van die verskillende wetenskapsbeskouings is hier onvanpas omdat dit meer by die wetenskapsleer behoort. Aan die ander kant is dit tog nodig om 'n aanvaarbare omskrywing van die wetenskap te bekom sodat dit as 'n maatstaf kan dien.

Stoker (1970:56) het die wetenskap omskrywe as "'soveel moontlik' ... tegnies metodies ... gesistematiseerde (samehange van die kenbare blootliggende) en ... 'soveel moontlik'... tegnies metodies ... geverifieerde (ver-sékere, séker-gemaakte, vás-gestelde, m.a.w. begronde en bewese) ... kennis van die kenbare ás sódanig". Mouton en Marais (1985:7) het die breër *geesteswetenskaplike* navorsing gedefinieer as 'n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid op 'n objektiewe wyse bestudeer is ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel

daar te stel. In bogenoemde omskrywing het die wetenskap rondom waarneembare verskynsels in die werklikheid gewentel sonder om die oorsprong uit te spel. 'n Meer fenomenologiese benadering tot die wetenskap het die subjektiewe gesteldheid van die individu as uitgangspunt geneem, en gesoek na die betekenis van die verskynsels en gebeure in die refleksie van die mens oor die ideële of geestelike wêreld (vgl. Schnell, 1985:69-70). Hier lê die klem op die kensubjek terwyl die ideële tot 'n subjektiewe en byna onkontroleerbare menslike refleksie gereduseer is.

Burden (1994:132) wil die wetenskaplike aard van die teologie aan die stelligheidseis, die eis van koherensie en kontroleerbaarheid koppel. Hierdie stellings kan vertolk word as eise wat die betroubaarheid en die voorwerp van die ondersoek raak – eise wat betrekking het op die status van die teologie wat inpas in die patroon van die wetenskapsbeoefening in die algemeen en die kontroleerbaarheid daarvan.

Uit die reeds-aangehaalde omskrywings kan die volgende afleidings gemaak word:

* Wetenskapsbeoefening is 'n menslike aktiwiteit.
* Wetenskap vereis gesistematiseerde en geverifieerde (gekontroleerde) kennis, of 'n geldige begrip, of impliseer die betekenis wat deur refleksie verkry is.
* Die objek van bestudering is die kenbare of die reële verskynsels in die werklikheid.
* 'n Belangrike vraag wat met betrekking tot die teologie beantwoord moet word, is of die kenbare of die werklikheid ook die werklikheid wat buite die denke van die mens bestaan, insluit, en of die kenbare net die waarneembare, ervaarbare verskynsels is.
* Hierby moet ook opgemerk word dat die wetenskapsbeskouings so van mekaar verskil dat die eis onmoontlik gestel kan word dat 'n bepaalde wetenskapsbeskouing juis deur alle ander wetenskappe en wetenskapsbeoefenaars erken moet word.

Dat die gereformeerde teologie deur toegewyde teoloë beoefen word om kennis of begrip te verkry, sal niemand wil betwis nie (vgl. die talle teologiese publikasies deur die eeue heen). Die vrae is egter hoe die gereformeerde teoloë God as die onwaarneembare kan ken. Het Hy 'n reële bestaan? Waarop berus hierdie kennis van God? Berus dit op die bekendmaking deur God self of is die kennis van die realiteit van sy bestaan die

resultaat van die rasionele of die denkende/reflekterende/kritiese ondersoek van die mense?

Onder teoloë is daar 'n redelike eenstemmigheid dat teologie 'n spreke oor God of 'n sekere kunde van God beteken (vgl. die artikel van Schulze elders in dié nommer, Koekemoer, 1994:17; Burden, 1994:112). Teologie, teologiese studie of opleiding word ook nader omskrywe. Buys (1986:3) spreek van "kennis van God wat langs die weg van wetenskaplike navorsing versamel, gesistematiseer, geïnterpreteer en gekontroleer is". Tot sover word die bron van die kennis nie genoem nie.

## 3. Vanwaar die kennis van God?

Gereformeerde teoloë vind 'n antwoord in 'n eeue oue kerklike konfessie wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. 2) weer helder geformuleer is en wat inhou dat God Hom bekend gemaak het in die skepping, onderhouding en regering van die wêreld – en nog duideliker en meer volkome in sy heilige en Goddelike Woord. Baie teoloë, onder andere Calvyn (1984: 151), is oortuig dat die Skrif en nie die menslike ervaring van God nie, die enige en ware God die duidelikste op 'n genoegsaam volkome wyse bekendmaak.

Die teoloog-filosoof Vander Stelt (1988:3) oordeel dat die studieveld van die teologie nie God, die openbaring, die Skrif, die belydenis of die kerk is nie maar hy dink aan die "faith-life" en wil teologie liewer "fideology" of "pistology" noem en dit dan definieer (1988:7; 1989:19) as "*a systematic analysis of the essence, norms, development, and role of the subjective or human and the objective or non-human pistical dimension of created reality*". In hierdie omskrywing vind 'n totale objekverskuiwing plaas en sy voorstel verplaas die sentrale plek van die openbaringswoord van God na die geloofslewe of die pistiese dimensie van die mens. Hy spreek daarom tereg daarvan dat die woord *teologie* nie meer gepas is nie. Op soortgelyke wyse definieer Van Huyssteen (1986:176) teologie as "die intellektuele bestudering van die geloofsdimensie van ons werklikheid". Van Wyk (1989:37-38) wil die aard en die eienskappe van die teologie breër uitspel en oordeel dat goeie teologie ook nog 'n paar ander dimensies moet vertoon ('n kerklike, pastorale, missiologiese en ekumeniese dimensie asook 'n profetiese en getuienisdimensie), maar die beswaar teen oorbeklemtoning van die pistiese dimensie van die mens in die teologie bly nog van krag. Die klem in die gereformeerde teologie bly eerstens op die bestudering van die Bybel as die Woord van God. Burden (1994:136) wat ook opleiding in

ander godsdienste onder die teologie wil betrek, stel dat "Teologiese opvoeding/opleiding 'n dialogiese gebeure (is) waarin mense meedoen aan kritiese ondersoek oor die geldigheid van die religieuse getuienis". In hierdie omskrywing is nie meer van teologie sprake nie, maar van 'n studie van die algemene godsdiensbelewing van mense. Hierdie siening mag aanvaarbaar wees in 'n nuwe Suid-Afrika waarin sommige Afrika-kerke nog sterk deur heidense religieë beïnvloed word (Helberg, 1992:418), maar is in wese 'n afskrywing van teologie.

Na analogie van die wetenskapsbeskouing van Stoker wat die Woord van God (Bybel) en die werklikheid van God wil aanvaar, en God se openbaring in die natuur asook in die Skriftuur wil vertrou, kan gestel word dat 'n teologie wat gebou word op die religieuse dimensie of ervaring van mense beswaarlik onder Gereformeerde teoloë as teologie aanvaar kan word (vgl. Stoker, 1929:7).

Die Gereformeerde teologie beantwoord wel aan die eis van gesistematiseerde en geverifieerde navorsing (vanaf 1990-1992 het daar 79 artikels van Suid-Afrikaanse Gereformeerde teoloë in geakkrediteerde tydskrifte verskyn) maar dié teologie word grootliks bepaal deur die geldigheid van die kennis van God wat deur die Bybel as sy Woord verkry word. Juis die Bybel as die besondere openbaring van God aan die mens (en nie die algemene openbaring in die skepping met sy onderhouding en regering nie) is in besonder die objek van die Gereformeerde teologiese navorsing. Is dié aanname wetenskaplik? In die voortgang van hierdie artikel is dit nou belangrik om by die hart van die gereformeerde teologie in die algemeen en die Gereformeerde teologie in besonder te kom: die aanvaarding van die Bybel as die gesagvolle woord van God (vgl. Van Wyk, 1989:40)

## 4. Die Bybel as die gesagvolle Woord van God

Net soos in enige ander wetenskaplike arbeid wil die gereformeerde teoloog die objek van sy navorsing en sy vooronderstellings so ver moontlik verantwoord (vgl. Deist, 1994:63).

Gereformeerde teoloë erken dat hul Skrifbeskouing 'n konfessionele karakter dra en nou aan die kerk verbonde is (vgl. ook die artikel van Schulze). In die teologiese opleiding gaan dit om "'n teologie ('n nadenke oor God – FN) in die kerk vir die kerk" (Oberholzer, 1994:27). Die "Christelike teologie kan nie anders as kerklik wees nie" (Deist, 1994:62). Die grondrede is dat die kerk deur die Woord en die Skrif ontstaan het en begrond word

(Matt. 16:18; Hand. 12:24, 25; 13:46-14:1). Die konfessies van die Reformasie het steeds die ou simbole van die kerk bly erken (vgl. Koekemoer, 1944:23) en daarmee ook dat God deur die profete gespreek het (vgl. Geloofsbelydenis van Nicea).

Die kerke het deur Skrifstudie die waarheid van die openbaringswoord in hulle konfessies so suiwer moontlik saamgevat en bely en dit is deur die eeue heen deur die kerke (en teoloë) getoets en as geldig erken. Die belydenis is egter geen soewereine of wetgewende daad nie, maar 'n bedienende en gesamentlike handeling waarin die kerk sy geloof verklaar het (vgl. Bavinck, 1918:4-7). Die konfessies is self aan die Woord ondergeskik en kan, as dit blyk dat dit met die waarheid van die Woord bots, op 'n gepaste wyse verander word. Die konfessies is nooit onfeilbare dekrete (Rooms-Katoliek), ysterbande of kettings, vuurbakens of uithangbordjies wat net die rigting aandui (Remonstrants) nie, maar 'n kort en sistematiese herhaling van die Skrifwaarhede en riglyne. In dié sin bied die konfessie voorasnog 'n vaste raamwerk vir gereformeerde teologiese navorsing. In die gereformeerde teologie is daar 'n verskil tussen teologie en die prediking van die kerk. Die verskil lê in die metode en gerigtheid, maar nie in die binding aan die Woord of belydenis nie.

Belangrike vrae moet nog beantwoord word. Waarom word die Bybel as gesagvol aanvaar? Wat is die aard van die gesag? Die Gereformeerde teoloog wil nie onredelik naïef of selfs onkrities wees nie.

Van Wyk (1989:2-48) het die Skrifbeskouing van baie (gereformeerde) teoloë in 'n breë historiese raamwerk noukeurig nagevors. 'n Paar belangrike aspekte in sy navorsing kan soos volg saamgevat word: die beskouings van Augustinus kristalliseer daarin dat die Bybel die openbaring van God is en nie die ervaring van mense nie. Die ingewing van die Skrif het deur die Heilige Gees en Christus gekom. Die Bybel is die werk van die Heilige Gees en ook in sy geheel die werk van die Bybelskrywers. By hierdie uitgangspunt het die latere gereformeerde teoloë aangesluit maar meer genuanseer, verbesonder en bygevoeg. Calvyn het die korrelasie tussen die Woord en die geloof beklemtoon. Die Skrifgesag is deur die Heilige Gees bevestig wat egter nie buite die Woord werk nie. Bavinck het gestel dat die Skrifgesag op die openbaring rus en in Christus saamtrek. Die Skrif dien homself aan as die Woord van God. Die Skrif is die produk van die Gees ... en tegelykertyd die produk van die werksaamhede van skrywers met 'n eie karakter en styl. Van belang is Bavinck se nuwe gedagte met betrekking tot die sentrum-periferie Skrifwoorde. Dit hou in dat

elke Skrifwoord nie so gelaai is met Goddelike wysheid en oneindige inhoud het nie maar dat elke woord nie los van God se bedoeling daarmee gelees mag word nie. Woorde kan verder van die sentrum af lê. Die Skrif het 'n skopus en 'n doel, dit het 'n soteriologiese karakter en is 'n tendensboek waarin alle feite nie op of vir hulself meegedeel is nie. Hy onderskei ook historiese en normatiewe waarhede. Berkouwer verbind Skrifgeloof met die geloof in Christus. In die Skrif is Godswoord nie met menswoord verenig nie maar die Woord van God kom deur die menslike na die mens heen. Hy oordeel dat die verskillende inspirasieteorieë (ook die organiese of instrumentele teorie) nie by magte is om die geheim te deurlig nie. Volgens Van Wyk worstel Suid-Afrikaanse teoloë soos S. du Toit met die aard van Genesis 1-3 en hy spreek dan van respektiewe profetiese geskiedenis. Buytendach kies nog vir die begrip organiese inspirasie maar wil dit tog met *teopneustie* vervang; Denkema beklemtoon die menslikheid van die Woord. Volgens Van Wyk is daar oneffenhede en divergensies in die Ou en Nuwe Testament. Van Wyk spreek van Goddelike openbaring (nie ervaring nie) wat deur die mens vloei (Matt. 16:17; 2 Pet. 1:21; Gal. 1:11-12; ens.) met 'n bepaalde doel (2 Tim. 3:16). Die inspirasie kan moeilik in woorde geformuleer word. Dit is 'n wonder wat nie meganies is nie maar organies, nie dialekties nie maar dialogies, nie personalisties nie maar rasioneel. Van Wyk erken dat daar moeilike probleme is soos die ordeverskil in Genesis 1 en 2, getalleverskille (vgl. Jos. 8:3 en 12). Die Bybelskrywers wil nie eksakte wetenskap skrywe nie maar interpreteer die gebeure met die oog op die doel van hulle skrywe. Die Bybel impliseer heilsopenbaring (Joh. 20:30-31) wat kortliks saamgevat kan word as koninkryksverkondiging. Die Bybel is die gesagvolle en betroubare openbaring, maar is geen handboek vir sterrekunde, paleontologie, wiskunde, ensovoorts nie.

Samevattend kan die volgende gestel word:

* Bogenoemde teoloë sien die Bybel as die openbaring van God en die Bybel rus op die openbaring. Die Woord kom van bo na onder. Die Bybel bevat historiese en normatiewe waarhede.
* Die Skrif dien homself aan as die ware, gesagvolle Woord van God.
* Die ingewing, inspirasie (organies of instrumenteel) of teopneustie bly 'n wonder en steeds moeilik of totaal onmoontlik om te formuleer.

* Die Skrif is die produk van die Gees en tegelykertyd van die mens. Daar is egter verskil ten opsigte van die wyse waarop dit geformuleer moet word.
* Wat die inhoud van die Skrif betref, word daar rekening gehou met die 'oneffenhede', 'divergensies' en genres in die Bybel. Dit mag verband hou met die gedagte van sentrum-periferie.
* Van Wyk (1989:29) het tereg opgemerk dat gereformeerde teoloë in Suid-Afrika (en hier kan bygevoeg word en elders) nie presies eners dink nie, alhoewel hulle saamstem dat die Bybel gesag het.

## 5. Enkele kritiekpunte

Voordat op die eie getuienis van die Skrif gelet word, is dit goed om eers na enkele kardinale kritiekpunte te luister.

Van Huyssteen (1986:2) vra van die teologie 'n kritiese geloofsverantwoording. Die Bybel is 'n geloofsboek omdat dit die skriftelike getuienis is "vir die relasionele wyse waarop mense van lank gelede in metaforiese geloofstaal die werklikheid van God vanuit 'n totale geloofsverbintenis ervaar het" (Van Huyssteen, 1986:193). Van Huyssteen oordeel (1986: 202) dat Skrifgesag nie probleemloos via die Skrif of belydenis aanvaar kan word nie. Hy (1986:28-29) kritiseer dan ook vir K. Barth wat elke vorm van natuurlike teologie verwerp het en van mening is dat ware teologie alleen moontlik is as erken word dat die Woord van bo na onder gekom het, vanaf die openbaring van God na die mens, wat in konkrete gehoorsaamheid hierdie openbaring ontvang. Verder kritiseer hy (Van Huyssteen, 1986:195) fundamentalisme waarin Bybeltekste die rol van geldende argumente aanneem (Van Huyssteen, 1986:195). Naïewe biblisisme neem dan probleemloos, onkrities en konteksloos geïsoleerde Bybeltekste as Skrifbewyse aan wat in baie gevalle 'n eie Skrifbeskouing steun en bevestig. Volgens hom is dit dan nie meer die Bybel wat praat nie, maar iemand wat sy Skrifbeskouing misbruik om die Bybel vir hom en sy standpunt te laat praat. Die fundamentalis laat die Bybel buikspreek. So gesien, moet alle Skrifbewyse of geloof aan die geopenbaarde Woord eers onder die kritiek van die menslike rede deurloop. Hy benadruk die mens se geloof ten koste van die openbaring as die bron en die voorwerp van die teoloog se geloof en ondersoek (Helberg, 1992:416).

Die aanvaarding van 'n kritiese geloofsverantwoording of die eis dat alle wetenskaplikes krities teenoor hulle uitgangspunte en metodes moet staan (vgl. Le Roux, 1993:26), kan die klem van 'n realiteit buite/bo die mens na

die oordeel van die menslike bewussyn verskuif. Die voorwetenskaplike geloofsaanvaarding kan natuurlik krities beskou word maar dit kan ook totaal afhanklik gemaak word van die wetenskaplike, redelike oordeel. Die gesag kan dan alleen aanvaar word as 'sagte' gesag "where a text is experienced as authoritative *after* interpretation" (Burger, 1983:91). Die geloof aan die Skrifwoord wat van die openbaring van God spreek, word vervang deur geloof in die kritiese oordeel van die mens wat die geloofsrealiteit moet beoordeel. Die werklikheid van God word erken maar dan as 'n kognitiwiteit (Vergeer, 1993:576). Alle wetenskaplikes begin met hul eie geloof (vooronderstelling) en dit is natuurlik elkeen se goeie reg. Om dit oorvereenvoudig te stel: daar is by sommige teoloë die geloof in 'n geopenbaarde realiteit en by ander 'n besondere waarde (geloof) in/aan die rede. Onder die rasionele kritici (en ook onder die ander teoloë) is verdere onderlinge radikale verskille wat van geslag tot geslag wissel. Elke teoloog is per slot van sake in sy eie standpunt vasgevang. Teoloë se kritiek is ook maar net 'n ander wyse om hul eie gesigspunt te laat 'buikspreek'.

'n Enkele woord oor die *waarheid* (en *objektiwiteit*) van die openbaring. Deist (1994:60) oordeel dat aan 'n universiteit en daarom ook in die teologie "na waarheid gesoek moet word en nie van die waarheid uitgegaan moet word nie". Gereformeerde teoloë word beskuldig dat hulle hul teorieë of gevormde konsepte in 'n een tot een korrespondensie met die gebeurtenis self beskou, sodat waarheid en werklikheid een word (vgl. Deist, 1984:178). "Die gevolg is dat die waarheid as werklikheid onweerlegbaar en onmiddellik geopenbaar word in dié oomblik wat dit weergegee word" (Snyman, 1992a:259). In *God met ons* (GKN, 1981:11-14) word met 'n relasionele waarheidsbegrip gewerk. Waarheid word nie subjektief deur die mens ontwikkel nie en ook nie objektief deur God uitgereik nie maar relasioneel (deur God en mens) gekonstitueer.

In hierdie artikel kan alleen 'n paar tersaaklike opmerkings ten opsigte van die 'waarheid' gemaak word omdat 'n volle bespreking van die onderwerp in hierdie opset te omvangryk is (vgl. die bespreking tussen Ouweneel en Botha in Ouweneel, 1991:167-215). Uit die veelomvattende literatuur (vgl. byvoorbeeld Bavinck, 1918:200-204) is dit duidelik dat daar verskillende 'waarheids'-modelle bestaan. Alhoewel die korrespondensie- en koherensieteorie (relasionele waarheidsbegrip) in die wysgerige denke besondere aandag geniet, is die essensiële, algemene woordbeskrywende (etiese), logiese, praktiese, fideïstiese beskouings ook van uiterste belang. Die Woordgeopenbaarde waarheidsbegrip kan met vrug bygevoeg word.

Die bespreking van die wese van elke begrip, en om die sterk en swak aspekte van elke siening aan te toon, is vir die doel van hierdie artikel te omvangryk. Wat egter duidelik is, is dat in die onderlinge diskussies te maklik 'n ander se standpunt veroordeel word op grond van 'n enkele aspek van 'n teorie wat dan onder 'n bepaalde sleutelwoord geklassifiseer word (soos die term *korrespondensie* wat sogenaamde 'eenheid' van die realiteit en die beskywende woorde of begrippe beklemtoon, terwyl dit eintlik 'n taalkundige onmoontlikheid is. Die realiteit van 'liefde' is deur die eeue heen nog nie deur die taalkundiges finaal omskrywe nie). Tereg probeer Ouweneel (1991:174) die Bybelse kennis (waarheid) omskrywe as "woorde ... die volmaakte ekspressie – binne die tydelikmenslike ervaringswêreld – van die transendente Woord van God, in die taal van die alledaagse ervaring en nie in die taal van die teoretiese nadenke nie". Die geopenbaarde waarheid, die waarheid soos wat God dit vir die mens in sy geskrewe Bybel bedoel het, wat in Christus deur die geloof ontvang word, word natuurlik deur elke teoloog subjektief nagevors en verwoord. Die Bybel is nie 'n versameling van teoretiese begrippe wat slegs wag om deur die teologie "uitgelig" of "getap" te word nie (vgl. die kritiek van Snyman, 1992a:263). Die openbaring van God in die Skrif is 'n objektiewe gegewe. "Die mens as interpreteerder se wetenskaplike arbeid is 'n strewe om hierdie openbaring foutloos te interpreteer" (Helberg, 1992:420). As gedink word aan die worsteling van teoloë en kerke (sinodes) om die waarheid te soek en te formuleer, is dit oorvloediglik duidelik dat die waarheid nie sommer klinkklaar gelees kan word nie. Vir die Gereformeerde teoloog bestaan die waarheid dus objektief (gebalanseerd, nie-sydig en nie-selektief), onafhanklik van die subjek in die werklikheid van Christus (vgl. Vergeer, 1993:578). In die gereformeerde teologie is daar 'n 'fideïsme' as deur die werking van die Heilige Gees erken word dat die waarheid alleen kenbaar is in die gelowige se gehoorsame verhouding met Christus.

## 6. Waar getuig die Bybel van sy eie gesag?

* In die lig van die opmerkings oor die begrip *waarheid* behels hierdie Skriftelike getuienis sekerlik nie 'n volledige dogmatiese uiteensetting van die waarheid wat maar net getap hoef te word nie. Die getuienis bevat en is die skriftelike bekendstelling van God in die geskiedenis en deur die profete en apostels. Die gesag van die Skrif rus wel op hierdie getuienis en dit beteken dat gelowiges in hulle navorsing deur die Skrif met Skrif te vergelyk, sekerheid van hierdie gesag kan verkry. Die Skrifwoorde wat hier van toepassing kan

wees, is Christus se erkenning van wat gesagvol geskrywe is (Matt. 4:4, 6, 10), die Woord is betroubaar oorgelewer (Heb. 2:3), die Skrif is deur God ingegee (2 Tim. 3:16-17), is deur mense opgeskrywe wat deur sy Heilige Gees gedrywe is (2 Pet. 1:21). In die nuwe bedeling het Hy deur sy Seun gespreek (Heb. 1:1) en Hy het die Woord deur betroubare en geïnspireerde mense laat opteken (1 Kor. 2:13) (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:90-96).

Hierteenoor kan opgemerk word dat die argument dat die Skrif sy gesag ontleen aan wat hy van homself getuig het, 'n sirkelredenasie bevat (asof die bewys dat 'n diamant 'n diamant is nie in sy eie struktuur gevind moet word nie). Of, net kinderlike gelowiges wat die Bybel naïef-realisties lees, sal die argument kan aanvaar (vgl. Snyman, 1992a:263). Wat van die nuwere wetenskaplike insig? Is die Pentateuggeskiedenis byvoorbeeld nie maar net die belydenis van 'n volk in 'n bepaalde historiese vorm waarin die realiteit van die gebeure van geen belang is nie? Of, is die Eksodus nie maar net 'n historiese mite wat aan Israel sy besef van identiteit en eie geskiedenis gegee het of etiologie nie? (vgl. Childs, 1974:354). Wat van 'n gemeente-teologie in die nuwe bedeling? Is alles nie maar menslike ervarings of idees nie?

* Gewoonlik word die kennis van wat in die verlede gebeur het, as gesagvol aanvaar as daar genoegsame getuienis is. Die verskyning van God in die Ou Testament en die openbaring in Christus wat in ses en sestig boeke in die Bybel gebundel is en oor 'n tydperk van meer as 'n duisend jaar opgeskrywe is, is tog geldige getuienisse. God het Hom middellik op 'n antropomorfiese wyse aan die mens geopenbaar. Hy het tot die mens op 'n menslike wyse en in menslike taal gespreek sodat die mens iets van sy deugde, sy almag, sy wysheid, sy toorn, sy goedheid en verlossing kan verstaan (vgl. Bavinck, 1918:320; Duvenage, 1985:12).

As voorbeeld kan die Goddelike openbaring by Sinai geneem word. Die HERE God het Hom by Sinai/Horeb geopenbaar en met Moses en die volk gespreek en met hulle sy verbond gesluit. Wat openbaar is, word op 'n gesagvolle wyse op verskillende plekke beskrywe (vgl. Eks. 19:16-20:22; Deut. 4:10-15, 5:4-5). Daar is meer as een getuie. Tog stuit die verklaarders van hierdie tekste voor talryke probleme. In Eksodus 19 word vertel dat Moses drie keer die berg op en af geklim het, skynbaar sonder 'n grondige rede. In Eksodus 20:18-20 (vgl. Deut. 5:5) was die volk bang toe hulle die donderslae, die blitse, die geluid van die basuin en die rokende

berg bemerk het en tog moes Moses hulle in 19:24 gaan waarsku om nie deur te breek na die HERE nie. In Eksodus 19:16 word van donderslae, blitse, vuur en rook vertel (wat aan die verskynsel van 'n vuurspuwende berg laat dink), maar daar is ook sprake van 'n swaar wolk (kenmerkend van 'n storm) en die geluid van 'n basuin wat al sterker word (wat gewoonlik in 'n kultiese raamwerk inpas) terwyl Deuteronomium niks van die basuin vermeld nie. In Deuteronomium (4:11) val die klem op die vuur die berg wat tot in die middel עַד־לֵב van die hemel gebrand het en dan spreek die teks weer van wolke en wolkedonkerheid (terselfdertyd lig en donker). Die HERE het uit die vuur van aangesig tot aangesig פָּנִים בְּפָנִים met die volk gespreek ('n direkte kommunikasie) (Deut. 5:4), maar in die volgende vers word gesê dat die HERE deur middel van Moses gekommunikeer het. Let ook op die talle verskille (21) tussen die Eksodus- en Deuteronomiumteks van die Dekaloog (vgl. Lion-Cachet, 1976:6).

Navorsers het verskillende verklarings vir hierdie verskille gegee: literêrkrities is die verskille in Eksodus 19 aan verskillende bronne (J, E, D, Q, ens.) toegeskrywe, tradisie-krities is op onbevestigde mondelinge oorleweringe teruggeval (vgl. Childs, 1974:345-348; Noth, 1962:159-160). Fensham (1970:117) het geoordeel dat hierdie essensiële gebeure by Sinai wel tot 'n ryke verskeidenheid van tradisies aanleiding kon gegee het en Childs (1974:349) het opgemerk dat die tradisionele bronne die onderskeiding in Eksodus 19 nie kon hanteer nie.

In die Nuwe Testament word die Sinai-gebeure veral uit die perspektief van Jeremia 31:31 behandel. Die mees uitgebreide verwysing kom in Hebreërs 12:18-21 voor. In die eerste kerklike verklarings het die klem geval op die feit dat daar geen gestalte gesien is nie terwyl net 'n stem gehoor is. In watter taal is gespreek? Latere Christelike en Joodse verklaarders tot in die Middeleeue het beweer dat dit "rather a genuine oracle from God" (Childs, 1974:379) was. In die Hervormingstyd is die majesteit van God se openbaring benadruk. Van kritiese kant is op heidense parallelle gewys. Sommige het geoordeel dat God in die hart van Moses gespreek het (die literêre waarheid) terwyl die donder en blitse die poëtiese raamwerk gevorm het (vgl. Childs, 1974:375-382).

Wat het presies by Sinai gebeur en wat was die juiste woorde van die HERE op die berg Sinai? Was dit 'n Goddelike verskyning? Was die openbaring by Sinai eg met gesagvolle betekenis?

Uit bostaande is dit duidelik dat die bedoeling van die skrywer/redakteur nie altyd duidelik is nie. Die chronologiese opsomming van die feite en die logiese weergawe van die verskyning klop nie. Die presiese woorde van God sal ons nooit kan formuleer nie. Teoloë het probeer om op 'n skoolse wyse die gegewens te harmonieer, die leser te betrek of vir die mens toeganklik te maak (vgl. Snyman, 1992b:357-358; Balzer, 1994:51) maar "(de) theofanie is (en bly – F.N.) een *mysterium tremendum*" (Fensham, 1970:117). Alhoewel die teoloog nie alles kan begryp of verklaar nie, kan dit 'n wesenlike gevaar word dat die aandag te sterk op die subjek van die teologie gerig word, terwyl die objek, die openbaring, wat in eie reg aanvaar kan word, as die vrug van interpretasie beskou word (vgl. Helberg, 1992:417).

Gereformeerde teoloë het hierdie geskiedenis eers gaan lees (naïef-realisties?) met volle erkenning van al die probleme (ook dié wat nie verklaar kan word nie). Hulle het geluister na wat God vir hulle daar opgeteken het. "Scripture presents itself as testimony, not as speculation" (Helberg, 1991:3). Daarna het wetenskaplike studie gevolg. Die wetenskaplike studie bou op die naïewe ervaring (en naïef-realistiese lees) en is nie in botsing daarmee nie (vgl. Spier, 1938:23; Schulze, 1990:330). Toe het hulle van die kernwaarheid van die Sinai-gebeure verneem: die verskyning en openbaring van God en sy verbondsluiting met sy uitverkore volk. Hulle het van die heilige God verneem wat eis dat sy volk ook heilig moet lewe (vgl. Childs, 1974:382-383). Hulle het ook verstaan dat God Hom gesagvol geopenbaar het. Hulle was oortuig van die geloofwaardigheid van hulle bronne (vgl. Schnell, 1985:75).

Waarom is daar dan soveel verskil tussen teoloë oor die verklaring en betekenis van die Sinai- of die Skrifgetuienis? Waarom lees sommige teoloë dieselfde teks dan so anders? (asof daar in die ganse wetenskap eenheid is). Die fout lê nie in die Skrif nie maar by die swakheid en menslikheid van alle teoloë wat menslik oordeel. Anders gesien, is dit merkwaardig dat alhoewel daar baie verskille is, daar ook 'n merkwaardige ooreenkoms is (vgl. byvoorbeeld die algemene belydenisskrifte). Dit is wel moontlik dat teoloë met verskillende metodes en paradigmas by dieselfde resultate kan uitkom. Met hierdie stelling word 'n metode-relatiwiteit egter nie ondersteun nie. Daar is goeie en ontoereikende metodes. Wat wel beweer word, is dat Gereformeerde teoloë 'n algemeen-geldige wetenskaplike paradigma het (wat met 'n openbaringsmatige, literêre en historiese metode werk), uitgaande van die vooronderstelling dat die Skrif met die gesag van die

Goddelike realiteit spreek. Dit is 'n openbarings-realistiese of openbarings-kognitiewe uitgangspunt (God se openbaring gee die geleentheid om kenbare, begrypbare, toetsbare, evalueerbare, ontleedbare en sistematiseerbare kennis te verkry). Hierdie oortuiging is gebou op die Skrif se eie getuienis van die historiese werklikheid dat God Hom geopenbaar het (van bo na onder) en die getuienis van die Heilige Gees. Soos wat die Sinai-gebeure beskrywe is, is die werk van die Gees wat in die mens se hart getuig, beskrywe (Rom. 9:1; 1 Tess. 1:5; 1 Kor. 12:3; Heb. 10:15). Die Skrif verklaar dat die Heilige Gees mense tot optekening gedrywe het (2 Pet. 1:21; 2 Tim. 3:16) en dat Hy dié eintlike verklaarder van die Skrifte is (2 Pet. 1:20).

Met bostaande uiteensetting word die gesag van die geopenbaarde Woord en die Goddelike werklikheid aanvaar en daarmee ook die geldigheid van die gereformeerde teologie. Hierdie aanvaarding is nie maar lukraak nie. Die leiding van die Heilige Gees word hierin erken. In Matteus 16:15 vra Christus in die 'wetenskaplike' wêreld van Sesarea-Filippi "(m)aar julle, wie, sê julle, is Ek?". Petrus het geantwoord dat Hy die Christus, die Seun van die lewende God is. Daarop het Christus gesê: "... nie 'n mens het dit aan jou openbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is". In Matteus 16 word die bron van die kennis en die kennis absoluut gestel, iets waarop die gereformeerde teoloog nie aanspraak kan maak nie, maar hy wil graag getuig dat sy beperkte swakke en menslike sekerheid in God self gesoek word.

Isoleer hierdie vooronderstelling nie die Gereformeerde teologie nie? So baie oordeel dan anders. Is kreatiwiteit in die Gereformeerde teologie moontlik? Is daar genoegsame dinamiek in die Gereformeerde teologie?

## 7. Die dinamiek van die Gereformeerde teologie

Bestaande vrae is eintlik naïef. As die realiteit van God bely word, word ook sy Woord en sy werk erken. Deur sy Woord is die hemel en die aarde geskape (Gen. 1-2). God het met Abraham, Isak en Jakob gespreek en by Sinai sy verbond met sy volk gesluit. Hy het baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek tot die vaders deur die profete, en Hy het in die laaste dae tot ons gespreek deur sy Seun (Heb. 1:1). Deur die eeue heen is die Bybel, sy gesagvolle Woord, deur die Kerkvaders en teoloë soos Augustinus, Calvyn, Bavinck, Barth, J.D. du Toit en andere wetenskaplik nagevors en hulle teologieë het die waarheid nie uitgeput of leeggetap nie. Kan die gereformeerde teologie wat die gesagvolle Woord erken ooit staties of

onkreatief wees? Uit die skat van die Woord sal altyd ou en nuwe dinge te voorskyn kom (Matt. 13:52).

In die teologiese navorsing gaan dit altyd oor die teks wat geskrywe staan. Die teks sal sekerlik noulettend gelees word om die waarheid van die kennis van God en die verlossing in Christus, wat duidelik beskrywe is te verstaan, maar die lees daarvan sal nie die gereformeerde teoloog verhinder om die teks in sy Skrifkonteks wetenskaplik na te vors en te toets nie. Oberholzer (1992:501) stel dit treffend as hy beweer:

> Die Bybel is ten volle mensewoord en onderhewig aan die kritiese ondersoek van die menslike rede; die Bybel is ten volle Godswoord in die belydende ootmoed van die kerklike teoloog ... Die wonder is juis dat ons die Woord van God verneem in die allermenslikste, literatuurlikste, mees diverse, meerduidigste, vormlikste, relasionele vorm waarin dit ontvou word.

(Die klem kon miskien eerstens op die gesagvolle Woord geval het en die woord "relasionele" laat 'n mens ongelukkig dink aan die relasionele waarheidsbegrip waarin die mens deel het aan die bepaling van die waarheid.) Die gereformeerde teoloog hoef nie verleë te wees met die 'oneffenhede en divergensies' in die Ou en Nuwe Testament nie. Dit ondermyn nie die betroubaarheid wat met die skopus en gerigtheid van die Skrif saamhang nie (vgl. die bespreking van Denkema deur Van Wyk, 1989:30). Die oneffenhede pla nie, dit eis geen wegverklaring of gelykstryking nie, want dit is geen moderne Westerse historiese weergawe nie. Oneffenhede behoort egter positief beoordeel te word; dit eis juis dat die teoloog iets van die onbeskryfbaarheid van 'n gebeurtenis sal besef, dat hy met die vele dimensies, met die multidimensionaliteit van die waarheid in aanraking sal kom, en dat hy al kleiner in sy redelike selfbewussyn sal word. Wie sal God se werk en bo alles God in sy grote majesteit met 'n swakke menslike rede voluit teken? (vgl. Van Wyk, 1989:18-19).

Die Gereformeerde teoloog moet ter wille van sy ondersoek van alle historiese, literêre en ander metodes deeglik kennis neem en oop wees vir ander metodes. Hierdie metodes se vrugbare insigte kan gebruik word sonder dat Gereformeerde teoloë hul eie raamwerk vir 'n humanistiese, rasionele of 'neutrale' paradigma of benadering hoef in te boet (vgl. Du Plessis se opmerking oor Stoker, 1994:115)

Die Gereformeerde teoloog staan voor 'n uitdagende toekoms. Sy teologiese bydraes moet in die teologiese wêreld en op teologiese kongresse gehoor word – nie as 'n teologie van 'n eng partikuliere kerk nie (daar is ook nie geld vir 'n kleine denominasionale tradisie nie – Deist, 1994:57), maar

as deel van 'n wêreldwye teologie met 'n eie paradigma. Die Gereformeerde teoloog se bydrae moet gelewer word – nie met apologetiese nydigheid nie maar met 'n kerugmatiese oortuiging. So sal hy ook sy geloofwaardigheid behou. Hy hoef homself nie te verloën en aan te pas by 'n geloofwaardigheidstruktuur van 'n breë en universele teologiese beskouing nie. Die teologiese wêreld het altyd 'n oor vir goeie wetenskaplike teologie al klink dit vreemd in sy ore. Gereformeerde teologiebeoefening sal alleen 'n ghettoteologie word as hy homself wil onttrek uit die teologiese gemeenskap.

Die Gereformeerde teologie het 'n besondere taak in die nuwe Suid-Afrika. Weereens beteken dit nie 'n valse inheemswording of die versoening van die Bybelse openbaring en enige ander godsdiens of religie nie (vgl. Oberholzer, 1994:32), maar as die bydrae van 'n teologiese navorsing/opvoeding in 'n tradisie waarin die Bybel as die gesagvolle Woord erken word.

Die dinamiek van die Gereformeerde teologie lê nie in homself nie maar in die almagtige God wat met sy Woord en Gees tot nuwe lewe wek. Aan God alle eer.

## Bibliografie


BALZER, H.R. 1994. Teologiese opleiding tydens die Reformasie. *Hervormde Teologiese Studies*, 50 (1&2):39-25.

BAVINCK, H. 1918. Gereformeerde Dogmatiek, I. Kampen : Kok.

BOTHA, J. 1991. Waarheidsteorieë en interpretasie. *Koers*, 56 (2) 185-215.

BURDEN, J.J. 1994. Teologiese opleiding in Suid-Afrika: 'n Toekomsblik. *Hervormde Teologiese Studies*, 50 (1&2):111-139.

BURGER, J.A. 1983. Observations on the Bible and Authority. *Old Testament Essays*, 1:89-96.

BUYS, P.W. 1986. Die oorhoofse doelwit van die teologiese opleidingwerk aan die Teologiese Skool Potchefstroom en die Fakulteit Teologie aan die PU vir CHO. (*In* Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika/Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys: Werkgids Kandidaats en Th.B.)

CALVYN, J. 1984. Institusie van die Christelike Godsdiens. Deel 1. (Vertaler: H.W. Simpson.) Potchefstroom : CJBF.

CHILDS, B.S. 1974. Exodus (OTL). London : SCM.

DEIST, F.E. 1994. Moet teologiese opleiding kerklik-konfessioneel wees? *Hervormde Teologiese Studies,* 50 (1 & 2):3-67.

DEIST, Ferdinand. 1984. A Concise Dictionary of Theological Terms. Pretoria : Van Schaik.

DIE DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING. 1982. 'n Kwalifikasiestruktuur vir die universiteite in Suid-Afrika. Verslag: SANSO – 003. Pretoria : Departement van Nasionale Opvoeding.

DIE DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING. 1986. 'n Kwalifikasiestruktuur vir die universiteite in Suid-Afrika. Verslag: SANSO – 116. Pretoria : Departement van Nasionale Opvoeding.

DU PLESSIS, P.G.W. 1994. H.G. Stoker. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 34 (2):114-117.

DUVENAGE, B. 1985. Christelike wetenskap as Woordgebonde wetenskap. Potchefstroom : Dept. Wetenskapsleer. PU vir CHO.

FENSHAM, F.C. 1970. Exodus (POT). Nijkerk : Callenbach.

GKN. 1981. God met ons ... over de aard van het Schriftgezag. Special Kerkinformatie no 113. GKN. Utrecht : Tijl-Libertas.

HELBERG, J.L. 1991. The Christian Confessional Approach in the Theological Understanding of the Old Testament. Stellenbosch : Ongepubliseerde voordrag.

HELBERG, J.L. 1992. Die betekenis van die Ou-Testamentiese teologie in die toekomstige Suid-Afrika. *Old Testament Essays*, 5 (3):414-431.

KOEKEMOER, J.H. 1994. Die idioom van die Nederduitsch Hervormde Kerk – 'n teologiese vraag. *Hervormde Teologiese Studies*, 50 (1 & 2):14-26.

LE ROUX, J.H. 1993. A Story of Two Ways. Thirty Years of Old Testament Scholarship in South Africa. *Old Testament Essays, Supplement Series Number 2.* Pretoria : Verba Vitae.

LION-CACHET, F.N. 1976. God/die HERE het al hierdie woorde gespreek. Die betekenis van die "Inleidingsformule" van die Dekaloog vir die Ou-Testamentiese Besondere Kanoniek. (Inougurele Redes Nr. 31.) Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

MOUTON, J.M. & MARAIS, H.C. *reds.* 1985. Metodologie van die geesteswetenskappe. Basiese begrippe. Pretoria : RGN.

NASOP 003 en 116, 1982 en 1986. Kyk: Die Departement van Nasionale Opvoeding.

NOTH, M. 1962. Exodus (OTL). London : SCM.

OBERHOLZER, J.P. 1992. Die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria. Vrae oor sy identiteit en problematiek. *Hervormde Teologiese Studies*, 48 (1 & 2):491-504.

OBERHOLZER, J.P. 1994. Tendense in die teologiese opleiding. *Hervormde Teologiese Studies*, 50 (1 & 2):27-38.

OUWENEEL, W.J. 1991. Korrespondensie of koherensie. *Koers*, 56 (2):167-184.

SCHNELL, C.W. 1985. Exploring New Directions of Doing Theology in South Africa. *Old Testament Essays*, Pretoria : Dept. OT.

SCHULZE, L.F. 1990. Wetenskapsteorie in die teologie. *In die Skriflig*, 24 (4):315-331.

SNYMAN, Gerrie. 1992a. Kenteoretiese besinning oor teologiebeoefening aan die Teologiese Skool van Potchefstroom die afgelope twintig jaar. *In die Skriflig*, 26 (26):247-266.

SNYMAN, Gerrie. 1992b. Binnegevegte in die GKSA; verskuiwing van 'plausiblity structures'? *In die Skriflig*, 26 (26):351-367.

SPIER, J.M. 1938. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Entschede: Uitgeverij "P.P.E".

STOKER, H.G. 1929. Kristendom en wetenskap. Galileo en Servet. Pretoria : Van Schaik.

STOKER, H.G. 1970. Oorsprong en rigting. Kaapstad : Tafelberg.

SWANEPOEL, J. & BOTHA, J. 1986. Wentzel van Huyssteen se krities-realistiese model vir teorievorming vir die sistematiese teologie. *Koers*, 51 (2):209-244.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen : Kok.

VAN HUYSSTEEN, W. 1986. Teologiese en kritiese geloofsverantwoording. Teorievorming in die sistematiese teologie. Pretoria : RGN.

VAN WYK, J.H. 1989. Die Woord is waardevol. 'n Dogmatiese besinning oor die reformatoriese Skrifbeskouing. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies – PU vir CHO.

VANDER STELT, J.C. 1988. Theology as the Study of Faith-Life. *Pro Rege*, XVII (2):2-10.

VANDER STELT, J.C. 1989. Theology as the Study of Faith-Life. *Pro Rege*, XVIII (1):15-23.

VERGEER, Wim. 1993. Teologie en kenteorie. 'n Reaksie op die artikels van Gerrie Snyman. *In die Skriflig*, 27 (27):563-582.